Financial Intermediaries Association of Southern Africa

Voorsitter: Riaan Geldenhuys Tel. 0861 187 878 Faks 086 609 2104 E-pos riaang@originfin.com Sel 083 261 0351

NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE BOLAND TAK VAN DIE FIA SOOS GEHOU OP 1 FEBRUARIE 2019 BY DIE SLANGHOEK RESORT, RAWSONVILLE VANAF 10:00 TOT 11:00

NOTULE

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die voorsitter (Riaan Geldenhuys) open die vergadering en verwelkom al die lede by die Algemene Jaarvergadering. As ook Peter Atkinson en nuwe lede wat hulle eerste Boland tak vergadering bywoon.

2. TEENWOORDIG

Riaan Geldenhuys, Frik Bester, Hermie Boonzaaier, Coenraad Brand, Lorette Brand, Willem Brand, Edmund du Plessis, Philip Faure, Teo Herselman, Louis Jonker, Anesca Koen, Nicolene Mans, Francois Marais, Gert Minnie, Johan Potgieter, Venette Rust, Jan-Willem Swanepoel, Christo van Blommestein, Fanie van Wyk, Daniel Viljoen, Ericka Visser, Robert Watson, Abrie Senekal, Sandra Snowball en Alet de Vries

2.1 VERSKONINGS

Albert Myburgh, Arthur Janson, Harriet Carstens, Conrad Gunter, Delena Franckenberg, Drikus Hanekom, Dylan Bantjies, Kobus Franken, Karen Pnematicatos, Riaan Jooste, Delanie Schoombie, Stephan Niemann, Giglio Poci, Johan Matthee en Gawie Swanepoel

3. VERKLARING VAN BOTSENDE BELANGE

Geen

4. NOTULE VAN DIE AJV GEHOU OP 26 JANUARIE 2018

Erika Visser stel voor dat die notule aanvaar word en Willem Brand sekondeer.

5. SAKE UIT DIE VORIGE NOTULE

Geen sake nie

6. VOORSITTERSVERSLAG - Riaan Geldenhuys

Die volle voorsittersverslag verskyn aan die einde van hierdie notule.
Die voorsitter lees die verslag voor en lig net ‘n belangrike punt uit sy verslag, dat die Buitelig Ekspo dag voortgaan op 12 April 2019.
’n Verduideliking aan hoeveel CPD ure elk benodig word gegee as ook die verskil tussen CPD opleiding, soos *Class of Business*, Regulatories of produk verwant.

7. FINANSIëLE VERSLAG - Robert Watson

Robert doen verslag oor die jaar se finansies.
Die jaar se begroting is verdeel tussen borgskap befondsing en ledegelde.
Totale inkomste vir borgskap gelde is R69 890 en uitgawes was R62 407 met die AJV ingesluit.
Totale inkomste vir ledegelde is R38 650 en uitgawes was R32 425

8. VERKIESING VAN DIE BESTUUR VIR 2019 Sandra Snowball

'n Kworum is teenwoordig.
Sandra vra of die lede gemaklik is met net die wys van hande as hulle stem in plaas van 'n geheime stembrief. Die lede is gemaklik met die reëling.

Die nominasies proses is elektronies gedoen en het 48 uur vooraf gesluit.

Die huidige komitee is genomineer en die lede het dit gesamentlik goedgekeur. Anesca Koen is ook genomineer deur Ericka Visser en eenparig deur die lede aanvaar.

Riaan Geldenhuys en Philip Faure is albei genomineer as Voorsitter en Ondervoorsitter. Riaan het besluit om nie weer as Voorsitter te staan nie, aangesien hy sy 2 jaar klaar gemaak het. Sandra noem dat dit beteken dat Philip Faure is dan Voorsitter en Riaan Geldenhuys is Ondervoorsitter. Die lede het dit eenparig aanvaar.

9. ALGEMEEN

<u>Vrae en antwoord sessie:</u>
V: PPI reëls en fooie
A: Daar is nog verwarring oor wat presies die regte metode is wat gevolg moet word en die komitee het vir 'n skrywe van hoofkantoor gevra om dit alles duidelik uiteen te sit.

V: Plundering tydens oproer.
A: Dit word nog uitgeklaar met SASRIA om te bevestig dat as dit wel plaasvind, watter deel van die polis tree in werking en watter voorwaardes geld in die spesifieke afdelings. Peter Atkinson sal dit opvolg en terugvoer gee.

V: Ledevergadering formaat
A: Gee tyd vir wegbreeksessies tydens ledevergadering. Die uitdaging is vir die makelaars wat meer as een dissipline doen.
Bedryfsverwante onderwerpe en algemene / generiese besprekings.
Verkieslik CPD by alle vergaderings

V: Hoekom kan produk CPD nie tel vir FAIS nie?
A: Die Voorsitter verseker die lede dat die FIA se fokus is op goeie waardevolle CPD vir die lede wat gratis is vir eers.
Peter Atkinson antwoord dat produk opleiding gaan gepaard met formele opleiding en is 'n wetlike vereiste vir 'n minimum standaard.
Die Voorsitter noem dat hulle sal weer kyk of hulle die punt kan opper by die FSCA.

V: Kan die FIA se CPD voorleggings deur 'n Webinaar aangebied word? Veral vir lede wat ver van die groot stede bly.
A: Philip gee die voorbeeld van die Masthead Learning Centre. Die Voorsitter noem dat dit reeds in die beplanning is.

V: INSETA
A: Die Voorsitter noem daar is 'n dokument saamgestel oor hoe die lede beter toegang kan kry tot INSETA en befondsing.

V: Ledegetalle
A: Daar is 45 FSPs wat 349 lede verteenwoordig. In die Kusstreek is daar 401 FSPs en 2445 lede.

Financial Intermediaries Association of Southern Africa

10. TOEKOMSTIGE DATUMS

Vrydag, 12 April 2019 – Boland Buitelig dag. Grabouw Country Club, Grabouw.

11. AFSLUITING

Sandra vra dat die lede die weeklikse kennisgewing *FIA@AGlance* dophou, daar is baie inligting.

Die Voorsitter sluit die vergadering af en nooi die lede om die middag saam te kom geniet by die middagete.

.....	.....	.....
Voorsitter	Datum	Sekretaresse

FIA Boland Tak AJV 01/02/2019

Tak Voorsitters verslag:

<u>Aktiwiteite van die vorige jaar</u>

AJV

- Die Boland tak se AJV was gehou op 26 Januarie 2018 te Slanghoek Bergoord, Rawsonville. Dit is hierdie jaar die 4 jaar wat die venue gebruik word vir die tak se AJV.
- Tydens die vergadering het Sean Walsh van Kaap Agri die vergadering toegespreek oor die ekonomiese vooruitsig in die landbou sektor vir die vlg 5 jaar. Dit was baie insiggewend, selfs vir die lede wat nie op die Agri sektor fokus nie.
- Insure group was die hoofborg van die dag.
- Lizelle van der Merwe, die FIA CEO het die lede toegespreek, soos ook in 2017.

Kleingroep vergaderings

- Weens ander aktiwiteite en die gesamentlike vergadering het die bestuur besluit om nie in 2018 die kleingroep vergadering te hou nie.

Boland Buitelug dag

- Die tak het weer n baie suksesvolle buitelug dag aangebied by Elgin/Grabouw Country club op 13 April 2018.
- Landdrover Experience & Old Mutual Insure borge opgetree. Ander produk verskaffers wat ook die dag geborg het, was Agruma, Bidvest Insurance, Constantia, MUA, Hollard, Fulcrum en PG Glass.
- Dowwe Dolla het die gaste en borge vermaak op haar unieke manier.

Financial Intermediaries Association of Southern Africa

Streeks vergadering

- Op 02 November 2018 het die Kus-streek n baie suksesvolle gesamentlike vergadering aangebied wat deur lede van Boland, Peninsula en Tygerberg tak bygewoon was. Hierdie vergadering formaat kan beslis in die toekoms weer met sukses aangebied word. Die vergadering was deur verskeie sprekers toegespreek, onder andere deur Lizelle van der Merwe asook verteenwoordigers van Ask Africa ivm die metodiek agter die FIA se toekennings. Tracker, Constantia, Western en Bidvest was die borge van die dag.

Lede vergaderings

- 27 Julie 2018 te Kleinplasie Worcester het die lede n vergadering gehad wat ook vir CPD punte geakkrediteer was. Joe Kotze het die CPD aanbieding gedoen.
- 14 September 2018 te Simondium Paarl het die tak n lede vergadering gehad waar Charmaine Kock n Skype aanbieding gedoen het ivm die CPD vereistes. Lashaniya Alwar van Sanlam het die lede toegespreek oor die “Social Intermediary”

Bestuur vergaderings

- Daar was 3 komitee vergaderings gehou gedurende die jaar
- Lede van die komitee het ook die Kusstreekvergadering bygewoon op 17 April 2018 by die Stellenbosch besigheid skool in Bellville.
- Riaan Geldenhuys en Philip Faure het Adviesraadvergadering bygewoon, 27 tot 28 Junie 2018 in Sandton, Johannesburg waar hulle die tak verteenwoordig het.
- Kwartaallikse vergaderings met die hoof Korttermyn en Langtermyn versekeraars het weer hierdie jaar plaasgevind waar die tak ook deur van die bestuurslede verteenwoordig was. Mpy’e met wie vergader word is onder andere, Auto & General, Old Mutual Insure, Santam, Bryte, Hollard, Liberty, Sanlam, Discovery, Momentum en PWC.

Algemeen

- Ander geleenthede en aktiwiteite waar ons lede betrokke was, is die “National Broker Summit” op 12 Oktober 2018 by die Sandton Convention centre. Hierdie jaar was soos in die verlede weer baie goed ondersteun en n groot sukses, trots FIA.

Die jaar vorentoe

- Gedurende 2018 het ons die implementering van RDR met sy uitdagings bespreek. Die wetgewing was nog nie behoorlik geïmplementeer nie, toe tref die gewysigde PPR reëls wat die polis fooie aanspreek die industrie. Hierdie jaar sal beslis nuwe finansiële uitdagings bied na die implementering en twee wetgewings en glo ek sal ons eers later in die jaar die effek daarvan sien.
- Ons is besig met die beplanning van die 2019 Buitelig dag wat weer in April gehou word en vertrou dat dit weer n groot sukses sal wees.
- Ons nader die einde van die eerste CPD siklus in Mei maand, my versoek is dat u almal sal seker maak dat u aan die nodige CPD ure opleiding sal voldoen by hierdie datum.
- Ook ter bespreking is die FIC en of Korttermyn ook as ’n “Accountable institution” geag moet word.

Financial Intermediaries Association of Southern Africa

Bedankings

- Ek wil graag die bestuur bedank vir hulle bereidwilligheid en opoffering van die afgelope jaar.
- Dankie aan Sandra Snowball wat haar eerste vol jaar deel van die FIA is en haar hulp, nie net aan die tak nie, maar ook op nasionale vlak. Alet vir al haar hulp aan die tak en die streek.
- Dankie vir die lede wat die vergaderings so pligs getrou bywoon en ondersteuning aan my en die bestuur.

Ek dank u ook vir die vertroue in my en dat ek as u voorsitter die afgelope 2 jaar kon dien.

Riaan Geldenhuys